

# 1. PATROON,

# 4 rokke



Makliker kan dit nie! Met ons patroon kan jy vier verskillende style maak, een vir elke vakansie-geleentheid.

Deur Riana van der Merwe





## ALGEMENE AANWYSINGS

- Was kledstof vooraf sodat dit kan krimp.
- Gebruik bypassende masjiengare.
- Trek belegsels as aparte patroondele af en versterk met Vilene.
- Werk nate af met sigsagsteek of omkapsteek.
- Pars werk soos kledingstuk vorder.
- Gebruik blokpatroonpapier om diagramme op te vergroot. Merk patroonlyne op blokkies met kolletjies en verbind kolletjies dan.
- Naatoelating is deurgaans 1,5 cm.
- Halslyn en mousgate kan met belegsels of skuinsband afgewerk word.

## AFKORTINGS

AP = agterpant  
VP = voorpant  
MA = middel agter  
MV = middel voor  
BEL = belegseel  
RK = regte kant  
VK = verkeerde kant

## GROOTTE

Die patroon is in 3 groottes: klein (borsmaat 83), medium (borsmaat 87) en groot (borsmaat 97). Die lang rokke het albei spleite in die synate. Jy kan die lengte aanpas volgens eie smaak.


## JY HET NODIG

Kledstof van 2 x rok lengte; bypassende

masjiengare.

## MAAK SÓ

1. Vergroot diagram op blokpatroonpapier. Blokkies op diagram = 10 x 10 cm.
2. Knip synate en skouernate op regte lyn volgens grootte.
3. Maak houstiksels om nekhoute en mousgate. Stik skouer- en synate toe.
4. **Skuinsband:** As jy dun, deurskynende kledstof gebruik, is dit beter om hals en mousgate met skuinsband af te werk.
5. Knip skuinsstroke uit kledstof en steek in hals vas. Rek skuinsstrook effens terwyl jy dit vassteek. Bepaal korrekte lengte van skuinsstrook en steek vas. Stik naat en pars. Stik skuinsstrook aan hals vas, RK opmekaar. Vou los rafelrand om en werk vou aan VK aan stiksel vas. Jy kan dit vasstik of met glipstekies vaswerk.
6. Herhaal met mousgate.
7. **Belegseel:** As jou kledstof dikker of stywer is, sal belegseel beter werk.
8. Knip belegseel en versterk met Vilene. Stik skouer- en synate van belegseel, steek met nate en RK opmekaar by mousgat vas en stik rondom vas. Gradeer naat en dop om. Rond af met bo-stiksel.
9. Herhaal met ander mousgat aan hals.
10. Stik soom in of werk met die hand. Splete kan ook gestik word of met die hand vasge- werk word indien verkies.
11. Pars.



Die patroon is spesiaal vir ROOI ROSE-lesers ontwerp deur LUISE COERTZEN.

